NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

EKONOMIE

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 300 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiserings-vergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.

IEB Copyright © 2024

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	B
1.2	D
1.3	C
1.4	C
1.5	A
1.6	A
1.7	B
1.8	D
1.9	C
1.10	B
1.11	B
1.12	A
1.13	C
1.14	B
1.15	D
1.16	D
1.17	C
1.18	A
1.19	B
1.20	C

IEB Copyright © 2024

AFDELING B

VRAAG 2 MAKRO-EKONOMIE

2.1 2.1.1 (a) Die voorraad grondstowwe en tussengoedere wat firmas hou waarvan die waarde van jaar tot jaar verander.

(b) Is die waarde van die uitgawe deur ekonomiese agente plaaslik en in die buiteland oor die finale uitset wat deur plaaslike firmas vervaardig word teen die pryse waarvoor die produkte werklik verkoop is **OF** die werklike prys wat die verbruiker vir goedere en dienste betaal.

2.1.2 **Bereken** Bruto Kapitaalvorming:

2022:

Bruto vaste kapitaalvorming	941 944
+ Verandering in voorraad	77 445
Bruto Kapitaalvorming (I)	**R1 019 389 miljoen**

2.1.3 **A:** Bruto vaste kapitaalvorming / BVK.

B: BBB (Bruto Binnelandse Besteding insluitend oorblywende items).

C: –3 179.

D: Plus: Uitvoere van goedere en dienste.

E: 1 550 539.

2.1.4 **Bereken** ekonomiese groeikoers vir 2022.

2022:

$$\frac{\text{Huidige (Nuwe) Reële BBP} - \text{Vorige (Ou) Reële BBP}}{\text{Vorige (Ou) Reële BBP}} \times \frac{100}{1}$$

$$\frac{6\,628\,551 - 6\,208\,786}{6\,208\,786} \times \frac{100}{1}$$

= 6,76% of 6,8%

2.2 2.2.1 Wet op Groei en Geleenthede in Afrika (African Growth and Opportunity Act).

IEB Copyright © 2024

2.2.2 VSA, Angola; Benin; Botswana; Burkina Faso; Burundi; Kameroen; Kaap Verde; Tsjad; Comore; Kongo (Republiek); Kongo (DRK); Ivoorkus; Djiboeti; Etiopië; Eswatini; Ekwatoriaal-Guinee; Gaboen; Gambië; Ghana; Guinee; Guinee-Bissau; Kenia; Lesotho; Liberië; Madagaskar; Malawi; Mali; Mauritanië; Mauritius; Mosambiek; Namibië; Niger; Nigerië; Rwanda; Sao Tomé en Principe; Senegal; Seychelle; Sierra Leone; Suid-Soedan; Tanzanië; Togo; Uganda; Zambië.
(Enige 2 × 1)

2.2.3
- AGOA maak dit vir SA en ander Afrikalande moontlik om met die VSA handel te dryf deur laer handelsversperrings. As AGOA nie vervang word nie, sal SA die voordele van 'n gunstige handelsverhouding met die VSA verloor.
- Die vraag na SA goedere (uitvoere) sal afneem wat tot laer produksie of Bruto Binnelandse Produk (BBP) in SA lei en die waarskynlikheid van 'n styging in werkloosheid.
- Die uitwerking van 'n verlies van AGOA op belegging en vertroue sal afhang van die rede hoekom Suid-Afrika die voordele verloor het. Om dit op politieke gronde te verloor, sal 'n groter impak hê as om dit aan inkomstestatus te verloor.
- Suid-Afrika kan nuwe handelsooreenkomste met nuwe handelsvennote aangaan.

(Aanvaar enige ander toepaslike korrekte antwoord.)

2.3 (a) **Direkte Beleggingsvloei**
- Invloei van geld wat gebruik word om die koop van hulpbronne te finansier, óf in die vorm van bestaande maatskappye óf om nuwe maatskappye te begin.
- Byvoorbeeld: Walmart se oorname van die plaaslike kleinhandelketting Massmart was 'n buitelandse direkte belegging in Suid-Afrika.

(Aanvaar enige ander toepaslike korrekte voorbeeld.)

(b) **Portefeuljebelegging**
- Die vloei van geld na of van 'n ander land waar die geld gebruik word om aandele in maatskappye te koop wat op daardie land se aandelebeurs noteer is.
- Byvoorbeeld: wanneer 'n Duitse burger aandele in 'n Suid-Afrikaanse maatskappy koop of 'n Suid-Afrikaanse burger koop aandele in 'n Amerikaanse maatskappy.

(Aanvaar enige ander toepaslike korrekte voorbeeld.)

(c) **Warmgeld of ander beleggings**
- Warmgeldvloei verwys na die vloei van geld in en uit 'n land, aangesien beleggers die hoogste opbrengskoers probeer verdien.
- Byvoorbeeld: indien die rentekoerse relatief hoog in Suid-Afrika is vergeleke met die in die Verenigde State vloei geld van die Verenigde State na banke in Suid-Afrika, aangesien houers van geld die hoogste opbrengs probeer verdien.
- Beleggings vir opbrengste, effekte.

(Aanvaar enige ander toepaslike korrekte voorbeeld.)
(×2 Beskryf en ×2 voorbeeld)

IEB Copyright © 2024

2.4 2.4.1 (a) Sakesiklus is 'n diagrammatiese voorstelling van 'n tydreeks wat wys wat mettertyd met die waarde van die binnelandse uitset-BBP van die ekonomie gebeur.

(b) Resessie is twee of meer opeenvolgende kwartale van negatiewe ekonomiese groei.

2.4.2
- Getal van nuwe karre wat verkoop is.
- Indeks van sakevertroue.
- Bouplanne goedgekeur.
- Nuwe maatskappye wat geregistreer word.
- Aandeelpryse/aandeelmarkopbrengste of JSE Indeks van Alle Aandele.
- Goudprys.
- Produkuitvoere.

(Enige 2 × 1)

2.4.3
- Die leidende aanwyser is besig om te verander voor die samevallende en volgaanwyser verander en sê vir ons waarheen die ekonomie op pad is.
- Gedurende 2021 het die leidende aanwyser 'n massiewe verhoging gehad en in 2022 gedaal, maar steeds baie positief.
- Daar word voorspel dat die ekonomie steeds sal groei, maar teen 'n stadiger pas.

(Aanvaar enige ander toepaslike korrekte antwoord.)

2.4.4
- Om die toekomstige pad van die ekonomie te kan voorspel stel sake-eienaars in staat om meer ingeligte besluite te neem en hul sakestrategieë voor die tyd aan te pas, wat potensiële verliese minimeer en geleenthede vir groei maksimeer.
- Byvoorbeeld: Dit illustreer hoekom dit van kardinale belang vir ekonomiese agente is, of hulle individue, besighede of beleidmakers is om 'n sekere vlak van versiendheid in die ekonomiese omgewing waarin hulle werk, te hê.

(Aanvaar enige ander toepaslike korrekte antwoord.)

IEB Copyright © 2024

VRAAG 3 MIKRO-EKONOMIE

3.1 3.1.1 Oligopolie

3.1.2
- Dit dwing verbruikers om meer te betaal as wat hulle behoort te betaal.
- Hoë pryse op noodsaaklike goedere soos brood en medisyne het 'n negatiewe uitwerking op verbruikers, veral die arm mense.
- Dit het 'n negatiewe uitwerking op die inflasiekoers, wat die inkomste en lewenstandaarde van verbruikers raak.
- Dit verhoed billike mededinging.

(Enige 2 × 2)

3.1.3
- Primedia-saak
- Vyf vloeibare petroleumgas (VPG).
- Vier dwelmvervaardigers.
- Standard Chartered.
- Esor-groep.

(Kandidate moet die sake verduidelik.)
(Aanvaar enige ander toepaslike korrekte antwoord.)
(Enige 2 × 2 of slegs × 1 vir noem)

3.1.4
- Die Mededingingsappèlhof het die mededingingskommissie se randmanipulasiesaak teen die meerderheid banke van die hand gewys – plaaslik én internasionaal.
- Die banke is beskuldig van gemanipuleerde handel wat die rand-dollar-wisselkoers betref.
- Die Mededingingskommissie het 'n aantal banke na die mededingingstribunaal vir prysvasstelling verwys waarby die rand betrokke is. Die kommissie het uiteindelik 28 banke laat ondersoek, wat die "Forex-kartel"-saak genoem is.
- Die kommissie het beweer dat die manipulasie 'n uitwerking op die wisselkoers van Suid-Afrikaanse rand gehad het, wat op sy beurt verskillende dele van die Suid-Afrikaanse ekonomie geraak het, insluitend invoere en uitvoere, buitelandse direkte belegging, ens.

(Aanvaar enige ander toepaslike korrekte antwoord.)
(Enige 3 × 2)

3.2 3.2.1 Kenmerke van monopolistiese mededinging

Gedifferensieerde produkte:
- Elke firma verkoop produkte wat soortgelyk aan ander firmas in die bedryf is en hulle is goeie plaasvervangers vir mekaar, handels-merkgewing maak 'n groot deel uit in die bedryf.
- Die tekkiekleinhandelsektor het soortgelyke produkte wat tekkies is, maar hulle word gedifferensieer met verskillende handelsmerke soos Nike, Fila, Wilson, ens.

Baie verkopers:
- Daar is baie verkopers en baie mededingende vervaardigers (nie met die een wat in Prent 2 genoem is nie).
- In Prent 2, het ons baie vervaardigers van tekkies. (Kandidate kan 'n paar van die tekkievervaardigers noem.)

IEB Copyright © 2024

Vryheid van toetrede en beëindiging:
- Die hindernisse vir toetrede in hierdie bedryf is laag, d.i. dit is relatief maklik om 'n klein onderneming in hierdie bedryf te vestig.
- Dit is maklik om 'n tekkiebesigheid te begin, aangesien daar geen hindernisse bestaan nie.

Onvolledige kennis van die mark:
- Firmas het nie volledige inligting oor verbruikersgedrag en die gedrag van mededingende firmas nie.
- Nike het nie volledige inligting oor verbruikersgedrag of ander gedrag van mededingende firmas soos Vans, Reebok ens. nie, weens mededinging in die mark.

Prysbeheer:
- Die monopolistiese mededinger kan nie pryse beheer nie, maar kan 'n premie vir 'n produk vra.
- Sekere groot handelsname soos Nike, Reebok, Vans, ens. kan 'n hoër prys vir hul handelsmerk vra vanweë die naam wat daaraan geheg is, maar die meeste van die pryse word deur markkragte van vraag en aanbod bepaal.

(Noem/verduidelik kenmerk 1 × 4 = 4/bring kenmerk met tekkies-bedryf in verband 2 × 4 = 8)

3.2.2
- Oor die algemeen voldoen die tekkiekleinhandelsektor in Suid-Afrika aan al die vereistes, daarom is dit billik om te sê dat dit 'n monopolistiese mededingende bedryf is.
- Hulle het baie verkopers, vryheid om toe te tree, onvolledige markkennis en kan nie pryse beheer nie.

(Indien kandidate van mening is dat die mark volmaak mededingend is of 'n oligopolie is – kan krediet gegee word as hul argument gegrond is.)

3.3 (a) **Negatiewe eksternaliteite:**
- Is die koste wat ervaar word deur iemand wat nie regstreeks by die transaksie betrokke is wat dit veroorsaak nie.
- Byvoorbeeld: Die uitwerking van omgewingsbesoedeling, kan die Suid-Afrikaanse regering ingryp deur wette te vestig om besoedeling te verminder. Nie suksesvol nie.

(Aanvaar enige ander toepaslike korrekte voorbeeld.)

(b) **Merietegoedere:**
- Is goedere wat die samelewing dink deur sy burgers gebruik moet word, bv. onderwys en gesondheidsorg en behuising.
- Die regering kan merietegoedere verskaf of die vervaardiging van merietegoedere subsidieer, bv. regeringsubsidie vir onderwys of gesondheidsorg. Nie suksesvol nie.

(Aanvaar enige ander toepaslike korrekte voorbeeld.)
(Kandidate moet die markmislukking beskryf en dan die sukses van die regeringsingryping verduidelik.)

IEB Copyright © 2024

3.4 3.4.1 **Bereken** die pryselastisiteit van vraag vir bevrore hoenderporsies.

Hoeveelheid gevra $= \frac{29-36}{36} \times \frac{100}{1} = 19,44\%$

Prys $= \frac{6-4}{4} \times \frac{100}{1} = 50\%$

$\frac{19,44}{50} = 0,39$

3.4.2 **Wet van vraag:**
Wanneer pryse hoog is, sal hoeveelheid wat gevra word laag wees en wanneer pryse laag is, sal die hoeveelheid wat gevra word hoog wees. Indirekte verhouding tussen prys en hoeveelheid gevra.

Wet van aanbod:
Wanneer pryse hoog is, sal hoeveelheid wat aangebied word hoog wees en wanneer pryse laag is, sal die hoeveelheid wat aangebied word laag wees. Direkte verhouding tussen prys en hoeveelheid aangebied.

3.4.3 Styging in vraag:



VRAAG 4 KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

4.1 Pas die kolomme:

Vraagnommer	Antwoord
4.1.1	**I**
4.1.2	**D**
4.1.3	**B**
4.1.4	**F**
4.1.5	**G**

4.2 4.2.1 **Inflasie** is 'n volgehoue styging in die algemene prysvlak van goedere en dienste oor 'n verlengde tydperk.

4.2.2 Kostedrukaard/vraagdruk.

4.2.3 Inflasiekoers:

2024:

$$\frac{\text{Nuwe} - \text{Ou}}{\text{Ou}} \times \frac{100}{1}$$

$$\frac{59{,}95 - 19{,}95}{19{,}95} \times \frac{100}{1}$$

$$= 200{,}50\%$$

4.2.4 **Vraaginflasie:**

- Vind plaas wanneer die vraag in die ekonomie vinniger toeneem as die aanbod, wat tot prysstygings aanleiding gee.
- Ekspansionêre monetêre en fiskale beleid gee aanleiding tot verbruikers wat meer bestee, hierdie beleide sluit laer rentekoerse en laer belasting in.
- Krediet wat makliker beskikbaar is, sal ook veroorsaak dat vraag styg.
- Buitensporige staatsbesteding kan tot meer werkskepping lei en ook tot styging in vraag en hoër inflasie.
- Vinnige groei in ander lande wat 'n hupstoot vir SA uitvoere oorsee gee.

(Aanvaar enige ander toepaslike korrekte antwoord.)

4.2.5 **Positiewe**

- Besighede kan meer wins of inkomste genereer.
- Verhoog die waarde van 'n besigheid se bates, dan het hulle 'n groter moontlikheid om geld te leen.
- Meer belegging vir groei en uitbreiding.
- Hoër produktiwiteit en besigheiduitset.

IEB Copyright © 2024

Negatiewe

- Inflasie kan produksiekoste vir besighede verhoog, wat sleg vir die verbruikers is.
- Maak dit moeilik vir besighede om mee te ding.
- Indien besighede nie die hoë pryse kan bekostig nie, kan dit daartoe lei dat die besigheid arbeid verminder, wat groter werkloosheid veroorsaak.

(Aanvaar enige ander toepaslike korrekte antwoord.)
(Kandidate moet positiewe én negatiewe punte hê.)
(Enige 2 × 4)

4.3 (a) **Gini-koëffisiënt:**

- Is 'n meting van gelykheid of ongelykheid van inkomste- of welvaartverspreiding.
- Is 'n syfer tussen 0 en 1, hoe hoër die syfer en nader aan 1, hoe groter die mate van inkomste-ongelykheid.

(b) **Lewensverwagting:**

- Lewensverwagting by geboorte is die gemiddelde aantal jare wat 'n pasgebore baba na verwagting sal leef.
- Hoe hoër die verwagte jare om te leef, hoe beter is die land se prestasie, wat op 'n goeie gesondheidsorgstelsel en lewenstandaard dui.

(c) **BBP per capita:**

- Dui die lewenstandaard van mense/gemiddelde inkomste per persoon in die land aan.
- Hoe hoër die BBP per capita, hoe beter/hoër die gemiddelde lewenstandaard van die mense in die land.

(Kandidate moet vir elke maatskaplike aanwyser beskryf en verduidelik hoe dit gemeet word.)

4.4

- Verhoog progressiewe belastingstelsels deur die hoogste marginale inkomstekoers te verhoog, om te verseker dat daardie hoër inkomste relatief meer belasting betaal as dié op laer inkomste, wat inkomste-ongelykheid verminder.
- Deur die koers van indirekte belasting te verlaag, veral op noodsaaklike goedere en dienste, is die laerinkomsteverdieners geneig om meer van hul inkomste te bestee en dus 'n groter deel van hul inkomste aan belasting te betaal.
- Verhoging van kapitaalwins- (of welvaart-) belasting.
- Stel doeltreffender BGSEB-programme in om meer laerinkomstegroepe in topbestuursposisies te bemagtig.
- Meer maatskappybelastingvermindering wat meer werk skep wat die inkomste ongelykheid kan verminder.

(Aanvaar enige ander toepaslike korrekte antwoord.)
(Enige 3× 2)

IEB Copyright © 2024

VRAAG 5 GEMENGDE VRAE

5.1 5.1.1 **Die vermenigvuldigereffek** kom voor wanneer 'n aanvanklike inspuiting in die kringloopvloei 'n groter finale styging in reële nasionale inkomste veroorsaak **OF** die vermenigvuldigerverhouding tussen aanvanklike belegging en die finale verandering in inkomste **OF** die vermenigvuldiger is die verhouding van die verandering in inkomste tot die verandering in besteding wat dit teweeggebring het. (Aanvaar enige ander toepaslike korrekte antwoord.)

5.1.2 Berekening van die vermenigvuldiger (die formule ingesluit)

$$\frac{\text{Verandering in Nasionale Inkomste } (\Delta Y)}{\text{Verandering in Inspuiting } (\Delta J)}$$

$$\frac{500\ (900 - 400)}{100\ (400 - 300)}$$

$$= 5$$

5.1.3
- Die marginale geneigdheid om te verbruik is die deel van bykomende inkomste wat huishoudings aan verbruik sal spandeer.
- Voorbeeld: 0,6 impliseer die verbruiker sal 60c van elke bykomende 100c wat ontvang is, bestee.
- Hoe hoër die marginale geneigdheid om te verbruik, hoe hoër sal die vermenigvuldiger wees.

5.2 Die Laffer-kromme:



5.3 5.3.1 Koolstofbelasting is 'n Indirekte belasting – 'n belasting op 'n transaksie in teenstelling met 'n direkte belasting wat inkomste belas.

5.3.2 Suid-Afrika is 'n ontwikkelende land omdat SA steeds in die proses van ekonomiese ontwikkeling is en gekenmerk word deur 'n laer lewenstandaard en laer BBP per capita. SA ontwikkelende land, Parys-ooreenkoms en hoë energie-koolstofdioksied-uitstoot.

5.3.3
- Is 'n belasting op vrystelling (vir elke ton kweekhuisgas wat in die atmosfeer vrygestel word) wat 'n negatiewe eksternaliteit is, dus negatief vir die omgewing.
- Koolstofvrystellings is 'n vorm van markmislukking (of dit lei tot markmislukking) weens die negatiewe eksternaliteite van die vervaardigingsproses. Die regering het 'n plig om in te gryp en om die gedrag van die produsente te verander, byvoorbeeld om die aanbod te verminder deur verhoogde insetkoste/of belasting.

5.3.4 Daling in aanbod:



5.4 **Vaste wisselkoersstelsel:**
- Kom voor wanneer 'n land die waarde van sy geldeenheid op 'n sekere vlak teen 'n ander geldeenheid hou.
- Voorbeeld: Die Deense kroon is vas teen die euro.
- China gebruik ook die hierdie stelsel met die VSA dollar.

Vry swewende/onafhanklik swewende wisselkoersstelsel:
- Die kragte van aanbod en vraag bepaal die wisselkoers.
- Sentrale banke gryp nie in by die valutamarkte namens die regering nie.
- Die wisselkoers fluktueer namate marktoestande verander.
- Onewewigtighede word outomaties reggestel.
- Voorbeeld: VSA, Australië, Kanada. (SA volgens SARB)

IEB Copyright © 2024

Bestuurde/beheerde swewende wisselkoersstelsel:

- Die wisselkoers kan tussen sekere beperkings fluktueer wat deur die sentrale bank vasgestel is.
- Sentrale banke gryp in as die wisselkoers buite die gestelde beperkings beweeg.
- Hulle koop en verkoop buitelandse valuta om korttermynskommelings in die wisselkoers uit stryk.
- Groot buitelandse valutavoorraad (reserwes) word vir sulke intervensies vereis.

- Voorbeeld: Japan, Meksiko, Indië, Brasilië. (SA volgens IMF)
  (Aanvaar enige ander toepaslike korrekte voorbeeld.)
  (Noem 1 × 3 = 3,verduideliking 2 × 3 = 6, voorbeeld 1 × 3 = 3)

5.5 5.5.1 Fitch, Standard & Poor's (S&P).
(Enige 1 × 1)

5.5.2 Moody's verwys na 'n kredietgraderingsagentskap. SA se stabiele vooruituitsig onbewimpel deur die begroting.

5.5.3 **Positiewe:**

- Suid-Afrika se "BB"-vooruitsig verminder die risiko dat Suid-Afrika laer as rommelstatus gegradeer sal word (onderbeleggings-graad).
- Sal meer beleggers na die land lok.
- Die regering kan lenings teen 'n laer rentekoers uitneem.

Negatiewe:

- Indien Moody's Suid-Afrika na 'n laer rommelstatus gradeer, maak dit die land meer riskant vir beleggers.
- Lenings sal die land baie meer kos weens die risikofaktor dat Suid-Afrika nie sal kan terugbetaal nie.

(Aanvaar enige ander toepaslike korrekte antwoord.)
(Kandidate moet positiewe én negatiewe punte hê.)
(Enige 2 × 4)

IEB Copyright © 2024

AFDELING C

VRAAG 6 DATARESPONS

6.1 6.1.1 Internasionale Monetêre Fonds

6.1.2 (a) **Ekstrapolasie:**
Word gebruik om **voorspellings te maak** oor die waarde van 'n veranderlike in die toekoms deur die huidige waarde van die veranderlike te gebruik.

(b) **BBP:**
Totale waarde van alle **finale goedere en dienste** wat **binne die grense van 'n land vir 'n spesifieke tydperk, gewoonlik 'n jaar,** geproduseer word.

6.1.3 **Positiewe:**

- 'n Hoë ekonomiese groeikoers kan tot hoër inkomste vir huishoudings en besighede lei.
- Dit kan armoede verminder en lewenstandaard van die nasie verhoog.
- Kan tot 'n verhoging in MOI lei, wat 'n beter onderwysstelsel kan insluit of verhoging in lewensverwagting en BBP per capita.
- Hoër ekonomiese groei kan ook die regering se inkomste wat van huishoudings en besighede ontvang word, verhoog.

Negatiewe:

- Hoër ekonomiese groei kan tot inflasie lei.
- As huishoudings hoër inkomste ontvang of meer besteebare inkomste het, kan hulle meer invoere koop en die lopende rekening se tekorte sal styg.
- Hoër produksie sal daartoe lei dat meer uitset geproduseer word, wat meer besoedeling kan veroorsaak.
- Kan tot ongelykheid lei, aangesien sake-eienaars meer geld kan maak en die gaping tussen die rykes en armes kan vergroot.

Omvang:

- Daar is geen waarborg dat die styging in ekonomiese groei beslis tot 'n toename in ekonomiese ontwikkeling sal lei nie.
- Die 1,8% is slegs 'n voorspelling, dus nie 'n waarborg dat Suid-Afrika 'n positiewe groei sal hê nie.
- Die 1,8% ekonomiese groei is dalk nie groot genoeg om beduidende verandering in ekonomiese ontwikkeling teweeg te bring nie.

(×1 positiewe en ×1 negatiewe aspek ×2 omvang)

IEB Copyright © 2024

6.1.4 Styging in totale aanbod:



Grafiekpuntetoekenning: maks. 6 punte

AS skuif na regs 2 punte
Korrek benoemde horisontale en vertikale asse 2 punte (1 elk)
Prys met pyltjie daal 1 punt.
Nasionale inkomste skuif na regs met pyltjie 1 punt.

Verduideliking: maks. 6 punte

In 'n poging om 'n afswaai om te keer of om die ekonomie 'n hupstoot te gee, kan die regering 'n ekspansionêre fiskale beleid gebruik deur staatsbesteding te verhoog en/of belasting te verlaag.
Verhoogde staatsbesteding: Om infrastruktuur (paaie, telekommunikasie, hawens, ens.) te verbeter/skep om ondernemings se produktiwiteit te verbeter deur produksiekoste te verminder en kapasiteit te verbeter om meer doeltreffend te produseer.
Verskaf subsidies en toelaes aan firmas om produksiekoste te verminder.
Verhoog besteding aan opleiding om die arbeidsmag te bekwaam, wat lei tot hoër produktiwiteit en uitset.
Belasting: Verminder korporatiewe belasting om firmas aan te moedig om geld in besighede te herbelê en uit te brei deur meer werkers aan te stel.
(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.)

IEB Copyright © 2024

6.2 6.2.1 2024

6.2.2 **Ja**, stem saam met die advies.
Of dit raadsaam is om in BRICS (Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika) te belê, ekonomieë bo G7 (Groep van Sewe) ekonomieë hang af van verskeie faktore insluitend individuele risikoverdraagsaamheid, beleggingsdoelwitte en marktoestande.

Hoër groeipotensiaal:
BRICS-ekonomieë word oor die algemeen deur vinnige ekonomiese groeikoerse gekenmerk vergeleke met G7-ekonomieë. Hierdie ontluikende markte het dikwels vinnig groeiende bevolkings, toenemende verstedeliking en stygende middelklasverbruik, wat alles kan bydra tot robuuste ekonomiese groei. Belegging in hierdie ekonomieë kan geleenthede bied vir hoër opbrengste op belegging in vergelyking met stadiger groeiende G7-ekonomieë.

Diversifikasie:
Belegging in BRICS-ekonomieë kan groter diversifikasievoordele aan 'n portefeulje bied. Aangesien hierdie ekonomieë verskillende groeidrywers, markstrukture en korrelasies met wêreldmarkte het in vergelyking met G7-ekonomieë, kan belegging in BRICS help om risiko te versprei en algehele portefeulje-onbestendigheid te verminder. Diversifikasie oor verskillende streke en bateklasse is 'n fundamentele beginsel van gesonde belegging.

Toegang tot ontluikende markte:
BRICS-ekonomieë is dikwels aan die voorpunt van innovasie en tegnologiese vooruitgang in verskeie nywerhede soos tegnologie, telekommunikasie en hernubare energie. Belegging in hierdie ekonomieë kan blootstelling bied aan ontluikende sektore en nywerhede wat dalk nie so prominent of ontwikkel is in G7-ekonomieë nie, wat moontlik geleenthede bied vir aansienlike kapitaalappresiasie.
(Aanvaar enige ander toepaslike korrekte antwoord.)
(Indien kandidate dink dat dit beter is om in G7 te belê en nee sê – kan krediet gegee word as hul argument gegrond is.)

IEB Copyright © 2024

6.2.3 **DRIE gevorderde ekonomieë (maks. 3)**

- Verenigde State (VSA)
- Duitsland
- Frankryk
- Verenigde Koninkryk (VK)
- Kanada
- Italië
- Japan

DRIE ontluikende ekonomieë (maks. 3)

- China
- Indië
- Brasilië
- Rusland
- Suid-Afrika
- Saoedi-Arabië
- Argentinië
- VAE
- Egipte
- Iran
- Etiopië

(Enige 3 × 2)

6.3 6.3.1

- Die regering kan deur reëls en regulasies beheer, die regering kan wette aanneem in 'n poging om die gedrag van skooldragbedryf te beheer.
- Soortgelyk aan besoedelingswette, kan die regering hierdie gedrag verbied.
- 'n Reklameveldtog om asimmetrie van inligting te verbeter.
- Die regering kan die Mededingingskommissie, die Mededingingstribunaal en die Mededingingsappèlhof instel om te verseker dat die vlak van mededinging regverdig is.
- Die regering kan subsidies aan die skooldragbedryf verskaf om die produksiekoste en dus pryse te verlaag.

(Enige 2 × 2)

6.3.2 Pryselastisiteit van vraag na skooluniforms is **onelasties**.
Die hoeveelheid wat vir skooldrag gevra word, sal nie soveel verander as daar 'n verandering in prys is nie, want skooldrag kan as 'n noodsaaklikheid of 'n behoefte beskou word.

IEB Copyright © 2024

6.3.3 **Plaasvervangers:**

- Hoe meer plaasvervangers beskikbaar, hoe meer elasties die produk.
- Voorbeeld: 'n goedkoper winkel wat dieselfde generiese grys broek, wit hemp, swart trui verkoop, hoe makliker sal die verbruiker oorskakel as daar 'n verandering in prys is.

Duursaamheid:

- Hoe langer goedere hou, hoe meer reageer die verandering in hoeveelheid gevra op 'n verandering in prys.
- Voorbeeld: Jy sal aan 'n ou skoolbaadjie vasklou totdat die prys daal.

Proporsie van inkomste aan die produk bestee:

- Hoe hoër die persentasie inkomste wat aan 'n produk bestee is, hoe meer elasties word die produk.
- Voorbeeld: 'n Paar skoolsokkies neem 'n fraksie van 'n verbruiker se inkomste, daarom is verbruikers dalk nie eers bewus van 'n prysverhoging nie, dus is dit meer onelasties. 'n Skoolbaadjie of skoolskoene sal egter 'n groot deel van 'n verbruiker se inkomste kos en 'n prysverhoging sal onmiddellik raakgesien word.

Reklame/handelsmerkgewing/bemarking:

- Besighede gebruik advertensies om handelsmerklojaliteit te skep, en om die vraag na die produk meer prysonelasties te maak.
- Voorbeeld: Verbruikers sal handelsmerklojaal aan Bata, Toughees of Grasshoppers wees en selfs al verander die prys, sal hulle steeds by die handelsmerk hou.

Gewoontevormende produkte:

- Nie relevant vir skooluniform nie, aangesien skooluniforms 'n noodsaaklikheid of behoefte is, dus is dit meer onelasties.

- **Tydperk:**
- Die vraag na goedere is geneig om meer elasties te wees hoe langer die tydperk is.
- Voorbeeld: Nuwe, beter handelsmerke word ontwikkel wat doeltreffender, goedkoper en geriefliker is. Nuwe skoene, kouse, ens. van 'n beter gehalte.

(Enige 2 × 3)

Totaal: 300 punte

IEB Copyright © 2024